M&T PLASTIEK

— ONTWERP DEUR BOERE VIR BOERE —

# M&T Inlyn Plunjer vir 60m Stelsels

**HIERDIE VERPAKKING BETAAN UIT:**

- 1 x 50mm nylon inlyn plunjer (met suiers)
- 5 x 8 mm nylon stafie.

**LET WEL**

- Hierdie monterings instruksies is om ‘n inlyn plunjer vir 60meter stelsels te monteer.
- Omdat die vrag water op hierdie diepte swaar raak, word ‘n inlyn plunjer gemonteer halfpad boontoe. Die inlyn plunjer word ingelas met twee nylon stafies bo, oorkruis van mekaar, en twee nylon stafies onder die plunjer, ook oorkruis van mekaar.. Dit verseker dat die inlyn plunjer stewig ingelas word en die pyp nie verswak is by die lasplek nie. .

**MONTERING INSTRUKSIES:**

- Die stelsel word aanmekaar gesit soos voorgeskryf vir die Montering, sit stelsel aanmekaar soos voorgeskryf vir 45 meter stel, behalwe dat die pyp 60meter lank is.
- Sny die 50 mm pyp in die middeldeur en las weer met ingeslote in-lyn plunjer.
- Twee nylon stafies moet oorkruis bo sowel as onder die in-lyn plunjer gebruik word.
- Nadat die nylon stafies ingelas is en die punte gesmelt is om beweging van die stafies en plunjer te voorkom, (sien die instruksies vir die 45 meter stelsel) word 8 x 8mm gaatjies geboor in die 50mm pyp, bokant en onderkant waar die nylon stafies gemonteer is. Dit help om die water weer in die buitepyp te bring met elke slag, wat sodoende die water druk versprei.
- Maak baie seker alle boorsels word noukeurig verwyder. Dit is belangrik aangesien boorsels kan afsak en kan veroorsaak dat die voetklep nie dig sluit nie.
- Om die stelsel verder te verstewig word die vyfde nylon stafie ook oorkruis by die onderste plunjer ingesit word, wat alreeds een stafie het.

www.mtplastiek.com • 060 600 3992 • mtplastiek@gmail.com
Besoek ons webblad vir video instruksies en meer informasie. Kontak ons gerus per epos of foon vir verdere navrae.